NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
Hatfield 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

Moderatuur van Ned Geref Kerk
Verklaring 22 Mei 2008

XENOFOBIE STEL OOK AAN KERK EISE

Die Ned Geref Kerk is saam met ander kerke in Suid-Afrika diep bekommerd oor die aaklige werklikheid van die geweld in Gauteng en ander plekke wat op hierdie stadium aan xenofobie of vreemdelinghaat en etniese oorsake gewyt word: Geweld wat die potensiaal het om wyer uit te kring. Hierdie haat en geweld druis in teen die goeie beeld van verdraagsaamheid teenoor vreemdelinge wat Suid-Afrika het.

Alle mense, of hulle nou vreemdelinge of buitelanders is en of hulle van ander etniese groepe is, kan met reg aanspraak maak op die barmhartigheid van die Christene. Die antwoord op die onwettigheid van immigrante of die wrewel van ander etniese groepe is nie geweld, die beskadiging van eiendomme en selfs moord en doodslag nie, maar die wyse of oorwoë handhawing van dit wat reg of wetlik aanvaarbaar is. Berigte dat ons regering nie voorbereid was op die huidige vlaag van onrus nie en nie ag geslaan het op waarskuwings en verslae nie, verontrus.

Ware bramhartigheid geskied in ‘n atmosfeer van vrede. Daarom moet die handhawing van wet en orde juis daarop gemik wees om wetteloosheid, geweld en lewensverlies te voorkom. Uit gesprekke met van die betrokkenes wil dit ook voorkom asof Suid-Afrikaanse wette op buitelandse immigrante nie vir almal in alle opsigte duidelik is nie. Hieraan kan ook aandag gegee word.

As kerke en gemeentes moet twee sake op hierdie stadium vir ons prioriteit geniet:

1 die fisiese behoeftes van SA burgers én buitelanders ten opsigte van skuiling, kos, klere, mediese hulp en veiligheid. Behoeftes waaraan die kerke op die korttermyn kan en moet help aandag gee.
2 Die vasstelling van die werklike oorsake van hierdie onrus om soortgelyke voorvalle in die toekoms te voorkom. Die kerke kan ook ‘n rol speel in die hantering van die geestelike of etiese redes vir die onrus.

Indien daar lidmate, gemeentes, ringe of sinodes in die NG Kerk is wat van hierdie fisiese hulp wil verleen, kan hulle met die volgende kerklike instansies skakel:

SARK:
Finansiële bydrae kan aan die SARK (Gauteng) of MES aksie.gemaak word:
Gauteng Council of Churches
Nedbank Fox straat
Tak: 190 342
Rek no: 1903392209
Dr Andre Bartlett is voorsitter van die Gauteng Raad van Kerke en koördineerder.

MES Aksie
Bied aan om as vrywilligers te gaan help by **MES**
natasha@mes.org.za or natasha.felix@up.ac.za of by 073 238 7739
www.mes.org.za

Prof Piet Strauss
Namens die Moderatuur
Algemene Sinode NG Kerk